**ROEP VIR VOORSTELLE: PRINCE ALFRED'S HAMLET MUNISIPALE BESIGHEIDSENTRUM HUUREENHEDE**

Witzenberg Munisipaliteit het onlangs 'n klein besigheidsentrum naby die Ou Treinstasie (langs die R303) in Prince Alfred's Hamlet gebou. Die Besigheidsentrum beskik oor 6 enkel (+-2.9m x 5,8m) eenhede en 1 dubbel (+-5,9m x 5,8m) eenheid. Die eenhede is toegerus met oprol veiligheidsdeure, diefwering en sekuriteitsbeligting. Daar word 'n beroep gedoen op klein besighede om aansoek te doen vir die huur van die eenhede.

**Kriteria**

- Slegs opkomende Klein, Medium en Mikro ondernemings (KMMO's) kan in aanmerking kom
- Die besigheidseenhede kan nie gebruik word vir die verkoop van drank nie
- Die elektrisiteitsaanbod groote is 60A en die verklaarde spanning is 230 Volt (enkel fase); vooruitbetaalde meters is geïnstalleer met Eskom se huidige tariewe van toepassing
- Aansoekers moet nie agterstallig wees met hul munisipale rekeninge nie en moet 'n geldige belastingsklaring dokument hê
- Slegs inwoners van Witzenberg Munisipale area sal toegelaat word om aansoek te doen
- Die handelaar/besigheidseienaar moet in besit wees van 'n geldige Suid-Afrikaanse identiteitsdokument
- Slegs een besigheidseenheid sal uitgereik word per besigheidseienaar en slegs een besigheidseenheid sal uitgereik word per huishouding
- Aansoekers wat suksesvol 'n KMMO bedryf het in die afgelope 12 maande en wie huidiglik operationeel is, sal voorkeur kry
- Vorige deelname aan Witzenberg Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling besigheid kapasiteitbou programme sal voordelig wees
- Voorkeur sal gegee word aan aansoekers wat Suid-Afrikaanse produkte verkoop of wat voorraad of diens self produseer

**Aansoek proses**

- Die aansoek proses beloop in samewerking met die Beleid vir die Bestuur van besigheidseiendom vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling doeleindes, met sy doel van bekwaammaking van voorheen benadeelde gemeenskappe
- Aansoekvorms vir aansoekers is beskikbaar by alle Munisipale Kantore, alle munisipale biblioteke en die offisiële webwerf: www.witzenberg.gov.za (Aansoekvorm vir Munisipale Eiendom)
- Die voorgeskrewe vorm moet volledig ingevul en ingehandig word en tesame met ondersteunende dokumente, in 'n duidelik gemerkte verseëlde koevert, by die Argiewe Afdeling in Ceres (Munisipale Hoofkantoor) ingegee word of gestuur word via epos: admin@witzenberg.gov.za
- Daar moet duidelik op die aansoekvorm aangedui word dat aansoek gemaak word vir die Prince Alfred's Hamlet Munisipale besigheidsentrum
- Aansoekers wie se aansoekvorms en besigheidsplan aan die kriteria voldoen, sal gekortlys word
- Kortgelysde aansoekers sal genooi word vir 'n onderhoud om hul aansoek en volhoubaarheid van hul besigheid voor te lê
- Die onderhoudpaneel gaan 'n aanbeveling maak aan die Kommittee vir Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling
- Die Kommittee vir Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling sal die aanbevelings hersien en die finale aansoekers se name deurgee aan die Witzenberg Raad vir goedkeuring
- Suksesvolle kandidate sal ingelig word oor die uitkomste van hul aansoeke en sal versoek word om die huurfooie te betaal na tekening van die huurkontrak
- Die besigheidseenhede sal verhuur word aan klein besighede, in terme van die getekende huurkontrak, vir 'n periode van 24 maande, hernubaar op absolute diskresie van die Raad
- Die Witzenberg Raad sal die huur tarief bepaal

**AANSOEKE SLUIT 13 SEPTEMBER 2019 OM 16H00.**

Vir navrae kontak Riaan Fick by riaan@witzenberg.gov.za of Rachel Sauls by rachel@witzenberg.gov.za of Liza-Mari liza-mari@witzenberg.gov.za of 0233161854.